Ontmoeting 4

Die arm weduwee

Die kinders besef dat God lief is vir mense wat bly is wanneer hulle gee

Teks: Markus 12:41–44
Hulpmiddels:

- ŉ Prys wat gedeel kan word (soos ŉ boksie Smarties) vir speletjie 1
- Munte of sjokolade munte vir speletjie 2
- Speel–geld vir speletjie 3
- 2 potjies met munte (een min, een baie) vir "Woord"
- Klere, munte en offerkis vir die opvoering by "Woord"

Welkom

Letter in my naam: (Hierdie speletjie werk beter met ŉ groter groep en benodig geen voorbereiding nie.) Almal staan in ŉ ry. Soos wat jy alfabetletters uitroep, kan hul een tree vorentoe gee vir elke letter wat in hul naam voorkom (of meermale meer treë). Help die kleintjies wat nog nie kan spel nie. Variasie: Noem kleure op en hul gee ŉ tree as hul iets in daardie kleur aanhet. Die wenner kry iets wat hy / sy moet deel met die "verloorder". Dit gaan dus oor gee / deel.
Skattejag: (Groot groep, min voorbereiding): Hou 'n skattejag in die tuin. Soek na munte of na sjokolade munte. Deel daarna sodat almal ewe veel kry.
Speelgeld: (Hierdie speletjie werk beter met ŉ kleiner groep en benodig voorbereiding en hulpbronne): Deel speelgeld van verskillende hoeveelhede uit (afgerol of nagemaak) vir elke groepie / persoon. Die kinders besluit self wat hulle daarmee sou doen. Luister fyn vir kinders wat ander wil help / weggee. Ons kom later in die les weer hiernatoe terug. Nou kan hul net droom....

Wyding

Stilword–ritueel: Laat die kinders die volgende verse agter die leier aan sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

(Wys 2 potjies geld vir die kinders: die een potjie het twee R5e in; die ander potjie het ŉ R100–noot in of is vol R5–munte. Agter / onder op die potjie met die min geld is geplak "dankbaarheid" en agter / onder die potjie met die baie geld is geplak "spog". Moet nog nie vir die kinders die plakkers wys nie.) Vra die kinders: "Watter een is meer? Dit is mos duidelik, nè? Het julle geweet dat Jesus gedink het die potjie met die **MIN** geld in is **MEER**? Hoe is dit moontlik? Is dit *weird?* Is dit *crazy?* Kom ons luister na die storie van ons volgende 'vreemde vrou' en vind uit...." *(Die verhaal uit Markus 12: 41–44 word opgevoer deur die kinders self. Wees lekker kreatief. Kry vooraf kinders om spontaan toneel te speel.)* Benodighede vir toneel:

- Ryk mense met baie geld en mooi klere
- Jesus en dissipels

- Arm weduwee
- ‘n Offerkis
- Munte (groot en klein) – kan ook gemaak word

(Jesus en die dissipels sit en kyk na die gehoor)
Moontlike teks vir die verteller:
Het jy al ooit gesien hoe mense in die kerk hulle geld of kollekte vir Jesus gee? Hoe gebeur dit in julle kerk? Het jy al ooit gewonder hoe dit in Jesus se dae, in die Bybelse tyd, gewerk het? In daardie tyd was daar ‘n groot kis in die middel van die voorportaal van die tempel waar almal hulle offers kon ingooi. Jesus het in die tempel gesit en gekyk hoe mense hulle offers (geld) bring vir God. Daar was baie ryk mense in Jerusalem. Hulle het in baie groot huise gewoon en blink, duur klere gedra. Hulle het ook oorgenoeg kos gehad om te eet. Nadat hulle alles betaal het – hulle duur kos en klere en alles wat hulle wou hê – het hulle ‘n bietjie geneem van die geld wat oor is en dit na die tempel gebring. *(Groepie kinders spog met klere, lyk baie belangrik.)*
Hulle het baie mooi klere aangetrek en na die tempel gegaan wanneer daar baie mense is om hulle te sien. Hulle wou graag hê dat mense moes sien hoe ryk hulle is en hoe hulle ook ‘n bietjie van hul geld vir God gee, sodat almal moet dink hulle is baie godsdienstig en vrygewig. Hulle het rondgekyk en seker gemaak dat almal na hulle kyk en hulle raaksien wanneer hulle hul geld in die geldkis in die tempel gooi. Hulle het nog nie in daardie dae papiergeld gehad nie, net groot en klein munte. Die ryk mense het seker gemaak dat hulle geld baie raas as hulle dit ingooi, sodat almal kon sien hoe baie geld hulle vir God gee. Hulle wou gehad het almal moet kyk wie die geld ingooi. Hulle het gehoop dat almal sou oplet en onder mekaar fluister: “Kyk hoe baie geld gee hulle en kyk hoe vrygewig is hulle!”
Maar Jesus het geweet dat hierdie geld net ‘n bietjie van hulle geld is en dat hulle nie enige opofferings moes maak om hierdie geld te gee nie. Vir hierdie ryk mense was hierdie munte eintlik maar baie min geld. Hulle het nie minder kos gehad om te eet, of minder duur klere gekoop nie. Hulle kon nog alles koop en dit was maar net ‘n bietjie van wat hulle oorgehad het.
Toe het Jesus ‘n vreemde vrou by die offerkis raakgesien. Hierdie vrou se man was dood en sy was alleen. Sy was baie arm en het nie eers altyd kos gehad om te eet nie. Die vrou het gehoop dat niemand haar raaksien nie, want sy was baie skaam. Sy het net 2 klein muntstukke gehad om te gee. Sy het dit vinnig ingegooi omdat sy gedink het dis te min. *(Weduwee lyk arm, honger, en skaam)*
Jesus sê vir sy dissipels: “Hierdie vrou het meer ingegooi as al die ander ryk mense saam.” “Hoe kan dit wees?” het hulle gewonder. “Sy het dan net 2 klein muntstukke ingegooi en hulle het baie groot muntstukke ingegooi.” Jesus verduidelik toe dat sy alles wat sy het, ingegooi het. Dit was al wat sy kon bring. Maar die ander kon soveel meer van die oorvloed wat hulle gehad het, gebring het, maar hulle het nie. Sy het die bietjie wat sy kon gee, met blydskap en dankbaarheid gegee en dit nie gedoen om mense te beïndruk nie.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder van watter deel in die verhaal het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder hoekom die arm weduwee haar laaste geld ingegooi het.
3. Ek wonder hoe sy sou voel as sy geweet het hoe bly Jesus oor haar offergawe was.
4. Ek wonder wat die dissipels gedink het toe Jesus vir hulle sê dat sy meer geld ingegooi het as die ryk mense saam.

Kom ons kyk weer na die potjies... Wat staan agter / onder opgeplak? Die potjie met die min geld sê “Dankbaar” en die potjie met die baie geld sê “Spog”. Jesus het raakgesien dat die min geld meer werd vir Hom is, omdat dit met dankbaarheid gegee is. Die baie geld is gegee om te “spog” en om ander mense te beïndruk en daarom was dit minder werd.
1. Ek wonder hoe ‘n mens dankbaarheid teenoor jou ouers, onderwysers en maats kan wys sonder om geld te gebruik.
2. Ek wonder op watter verskillende maniere ‘n mens jou dankbaarheid vir Jesus kan wys.

Werskaf

- **Dankbaarheidspotjies**: Elkeen versier ŉ potjie waarin briefies gepos kan word van dinge waarvoor hulle dankbaar is. Dit kan ŉ glaspotjie wees, ŉ boksie, of ŉ papier-glasie wat bo toegeplak word (met ŉ gleuf in). Elke dag plaas hulle ŉ woord van iets waarvoor hul wil dankie sê, daarin. Hierdie potjies kan aan die einde van die kwartaal weer teruggebring word as jul so besluit. Of jul kan ook een groot pot / boks vir die groep maak waarin almal gereeld woorde kan ingooi. Die volgende teks kan op die potjie geplak word: "Elkeen moet gee soos hy in sy hart besluit het. Dit moenie vir hom swaar wees om te gee nie en hy moenie gee omdat iemand sê hy móét gee nie. Onthou, God is lief vir mense wat bly is wanneer hulle gee." (2 Kor 9:7- Bybel vir Almal)
- **Offer vir iemand anders**: Elkeen kry 2 lekkertjies – een vir hulself en een om aan iemand anders uit te deel. Dit leer die kinders dat dankbaarheid ook daaroor gaan om iets weg te gee.
- **Dankie-beursie**: Maak ŉ beursie uit lap of karton. Die buitenste kante kan vasgekram word of met wol vasgewerk word. (Ons voorbeeld kan uit karton gemaak word. Help dan die kinders om op die stippellyne te vou om die kante van die beursie te vorm.) Plak 2 munte saam met die volgende teks, binne-in: "God is lief vir mense wat bly is wanneer hulle gee." (2 Kor 9:7b)

Sluit af met die seënbede

Die kinders sit of staan in ŉ sirkel. Hulle hou hul hande uitgestrek na die kante toe met albei palms na bo. Elkeen se regterhand se palm is bo die ander kind se linkerhand se palm. Laat hulle oefen om ŉ seënwens aan te gee: Iemand begin om hul regterhand oor te beweeg na links en dan liggies in sy maat aan die linkerkant se hand te tik. Daardie maat doen dan dieselfde met sy regterhand na die maat aan sy linkerkant se hand toe. Stuur so die bede aan in die rondte. Sodra die kinders dit regkry, sê almal die seënbede saam terwyl hulle dit in die rondte "stuur":
Die Here is **voor** jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is **agter** jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is **langs** jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is **onder** jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is **bokant** jou om jou te seën; En die Here is **binne** jou om jou te lei met sy Heilige Gees.

2 Kor 9:7: “God het die blymoedige gewer lief.”